Suksesfaktore
vir 'n uithouritprogram

deur **Izak Hofmeyr**

Die teken van 'n werklik suksesvolle uithouritruiter, is dat dieselfde ruiter- en perdkombinasie jaar na jaar suksesvol meeding. Dit is die mening van prof Naas Raubenheimer, prominente rolspeler in die sport en voormalige president van die Uithouritvereniging van Suid-Afrika.

Hy dra die besondere onderskeiding dat hy vyf ruiters tot op die vlak van nasionale kleure afgerig het. Al vyf hierdie ruiters het vir baie lank op dieselfde perd meegeding. Een van die heel belangrikste mikpunte van die uithouritsport, beklemtoon hy, is om 'n perd só op te bou dat hy vir baie jare op die hoogste vlak kan bly meeding sonder negatiewe gevolge.

Hy voel dat sukses op die uithouritbaan vereis dat daar drie basiese strukture in plek is ten opsigte van die bestuur van die perd. Die eerste hiervan is dat jy met die regte genetiese materiaal werk. Daarna volg die voedingsprogram en die oefenprogram. "As hierdie strukture in plek is, is dit nodig om aan die kwessie van ruiterskap aandag te gee. Die term 'oordeelkundigheid' is die grondslag van effektiewe ruiterskap."

Faktore wat die perd tydens 'n rit beïnvloed, is temperatuur en humiditeit. Dit is krities dat 'n perd in staat moet wees om van hitte ontslae te raak deur te sweet. As die humiditeit so hoog is dat hy nie effektief deur sweet kan afkoel nie, kan dit uiters gevaarlik raak.

"Een van die belangrikste suksesfaktore is die rol van die ondersteuningspan, algemeen



Madeleine (verste regs) op Heimdahl Sorrento op pad na 'n derde plek in die standaardgewig-afdeling op vanjaar se Fauresmith *(Photo: Greg Miles)*

bekend as die *grooms*. Die invloed wat hulle op die welsyn van die perd het, kan nie genoeg beklemtoon word nie."

Die ondersteuningspan se benadering tot die afkoel van die perd sal ook op grond van die klimaat aangepas word. As daar 'n koue wind waai, sal hulle die perd daarteen probeer beskerm. As dit warm en vogtig is, sal hulle die perd help afkoel deur water oor die lyf te gooi en dit met 'n skraper te verwyder om hitte van die lyf weg te gelei.

Strategie

Die ruiter moet elke been van die rit afsonderlik beplan binne 'n oorkoepelende strategie. Die welsyn van die perd staan sentraal tot die strategie. Die oomblik as die wen belangriker raak as die welsyn van die perd, ontstaan daar vrae rondom die etiek van die sport.

"Die een jaar, onthou ek baie goed, het my seun Johann 'n baie goeie rit by Fauresmith gehad. Hy sou sonder twyfel onder die top tien geëindig het. Tydens die tweedelaaste been van die rit, op die derde dag, het hy egter begin vermoed dat die perd nie 100% was nie. Hy het onmiddellik die druk afgehaal en die perd teen 'n baie stadiger pas die rit laat voltooi. Na die rit blyk dit toe dat die perd bosluiskoors onder lede gehad het."

Juis omdat prof Raubenheimer langlewendheid van die uithouritperd so belangrik ag, het hy 'n spesiale trofee aan die Uithouritvereniging geskenk wat op Fauresmith aan die ruiter toegeken word wat met dieselfde geregistreerde

Arabierperd in die standaardgewig-afdeling vir vyf agtereenvolgende jare Fauresmith suksesvol voltooi. Tot op hede het slegs drie ruiter- en perdkombinasies hierdie trofee verower.

Die ruiters wat onder sy hand presteer het, was broer en suster Johann en Viola-Marié Raubenheimer, hulle neef Hendrik Alberts, en die twee aangetroudes, Jaco Ferreira (getroud met die ander suster Juliette) en Madeleine, Johann se vrou.

Johann

Johann het 'n totale afstand van 5 464 kompeterende kilometers gery en in 1991 nasionale kleure ontvang. Sy belangrikste perd was Sidi Nefisa met wie hy van 1990 tot 1994 'n totaal van 2 626 km in kompetisie afgelê het. Dit het bestaan uit 21 ritte van 80 km elk en vyf nasionale ritte by Fauresmith. Van hierdie ritte het Nefisa sewe gewen, agt keer onder die top vyf geëindig en vyf keer top tien plekke behaal. Nefisa se gemiddelde spoed oor hierdie tydperk was 22,1 km/uur.

In 1994 het hulle die Raubenheimer Wisseltrofee ontvang vir die prestasie om Fauresmith vyf keer na mekaar suksesvol te voltooi. In 1996 was Nefisa die slagoffer van perdesiekte, ten spyte van 'n uitstekende inentingsprogram.

"Die oomblik as die wen belangriker raak as die welsyn van die perd, ontstaan daar vrae rondom die etiek van die sport."

Viola-Marié

Viola-Marié ontvang haar nasionale kleure in 1994. Sy het 2 967 kompeterende kilometers afgelê, meestal op haar uiters suksesvolle perd Eibna Sandelina. Sandelina het 28 ritte van 80 km elk voltooi en kompeteer ses keer suksesvol op Fauresmith – vyf keer onder die top tien. In 1996 was sy in die algehele derde plek en het sy die toekenning vir die bes-voorbereide perd ontvang. Haar tyd in 1996 plaas Viola-Marié as die 14de vinnigste ruiter van alle tye op Fauresmith.

Sandelina het in haar laaste jaar op Fauresmith in 1999 (op 18-jarige ouderdom) die Jean Rocher Wisseltrofee besorg vir die oudste perd op Fauresmith. Sy het sesde gekom en was ses weke later derde in die 100-myler op Hofmeyr. Sandelina het 'n totale afstand van 3 788 km afgelê teen 'n gemiddelde spoed van 21,4 km/uur.

Hendrik

Hendrik het 'n totale afstand van 3 260 km in kompetisie gery en kry sy nasionale kleure in 2003. Op die perd Destrier Tasa-Um voltooi hy vier agtereenvolgende nasionale ritte op Fauresmith. Tasa-Um het reeds 2 359 km in kompetisie afgelê en in 2002 eindig hulle sesde in die standaardgewig-afdeling.

Madeleine

Sy het tot dusver 2 886 km in kompetisie afgelê en haar nasionale kleure in 2001 verwerf. Haar huidige perd, Heimdahl Sorrento, staan tans op 1 200 kompeterende kilometers. In 2000 ontvang sy beide die Luk du Buisson Wisseltrofee en die Aboukir Arabiere Wisseltrofee, op haar vorige perd, Quimran Tanaritsa II, wat 'n totale afstand van 1 297 km saam met haar afgelê het teen 'n gemiddelde spoed van 21,89 km/uur.

In 2004 eindig sy en Sorrento tweede in die liggewig-afdeling en ontvang hulle ook die *Farmer's Weekly*-toekenning vir die bes-voorbereide perd in die liggewig-afdeling. Vanjaar het sy vir die Erasa-span gery en eindig sy en Sorrento derde in die standaardgewig-afdeling. Hulle ontvang weer die *Farmer's Weekly*-trofee vir die bes-voorbereide perd.

Jaco

Jaco het 'n totale afstand van 2 699 kompeterende kilometers afgelê, die meeste daarvan op die deelsgeteelde Arabier, Henham Vondi. Hy het ook in 2004 nasionale kleure verwerf toe hulle Suid-Afrika in Namibië verteenwoordig het. Hulle ontvang vyf keer die toekenning vir die bes-voorbereide perd op 'n rit, waarvan een die *Farmer's Weekly*-trofee op Fauresmith in 2005 was. Hulle ontvang ook tydens Fauresmith 2004, die Luk du Buisson-wisseltrofee. In 2004 en 2005 wen hulle die swaargewig-afdeling op Fauresmith. Die kroon op hulle prestasies was toe hulle in 2005 op grond van die voorgee-formule as algehele wenners van Fauresmith aangewys word – die eerste keer in die geskiedenis dat 'n swaargewig hierdie onderskeiding behaal. Hulle gemiddelde spoed vir die drie keer dat hulle aan Fauresmith deelgeneem het, was 22,47 km/h. **SAH**